# De Swardt gaan sy kuns slyp met beurs



**Abri de Swardt se opvoering-gebaseerde foto-uitstalling Saint: myself.**

STELLENBOSCH. – Abri de Swardt, wat verlede jaar die rektorsprys vir uitnemende prestasie in die kunste en sosiale wetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) verwerf het, het pas ook die Skye-stigting se studiebeurs losgeslaan.

Die beurs dek al De Swardt se studie- en lewenskoste terwyl hy werk aan sy meestersgraad in die visuele kunste aan die Goldsmiths-universiteit in Londen. Sy studiejaar begin op 24 September.

De Swardt het sy BA-graad in visuele kuns in 2010 met lof verwerf en het vanjaar sy honneursgraad in visuele studies voltooi, ook met lof.

Sedert verlede jaar gee hy deeltyds klas in visuele studies aan die US, en is hy ook 'n gasdosent by die Akademie vir Ontwerp en Fotografie.

Sy video-installasie *Walk on Water* is deur kenners hoog aangeslaan, asook sy opvoering-gebaseerde foto-uitstalling *Saint: myself* in 2011, toe hy deur die tydskrif *Wanted* as een van die tien Jong Afrika-kunstenaars aangewys is.

Vir *Saint: myself*, die fotografiese hoogtepunt van 'n week lange installasiekunsopvoering, *refrain: refrain*, is De Swardt verheerlik as offerande "deur my eie liggaam te posisioneer as die monsteragtige oorblyfsel van 'n steniging".

Terwyl hy vir die installasiewerk 'n collage-kostuum vir die fotosessie gereed gekry het, het hy 'n week lank nie gepraat of geëet nie.

Die finale foto is van De Swardt in 'n vlak graf. Hy is bedek met onder meer klippe en halfedelgesteentes.

Die werk is nou verwant aan sy werk waarin sy familie in 'n altaarstuk as die Heilige Drie-eenheid uitgebeeld word, en wat kommentaar lewer op die verspreiding van geloof.

"Hierdie proses is gelyksoortig aan 'n akteur wat hom vir 'n rol voorberei, en my uitbeelding het genoodsaak dat ek die self oorskry.

"Ek lewer kritiek op die masochistiese onderstrominge in geloof wat manifesteer in optredes van self-uitwissing – 'n bittersoet oorgawe," volgens De Swardt.

Vir sy video-installasie *Walk on Water* ('n projeksie oor 'n kaskade van gebreekte spieëls) het hy drie historiese kunsmeesterstukke – Michelangelo Caravaggio se *Narcissus*, John Millais se *Ophelia* en Jacques-Louis David se *The death of Marat* – verweef met die sneeukoepel-sterftoneel in die rolprent *Citizen Kane* om die oorvleueling tussen selfliefde en opoffering aan te spreek.

Die werk was die sentrale komponent van sy debuut-solo-uitstalling, *To Walk on Water*, in Blank Projects in Kaapstad verlede jaar.

Dit sal interessant wees om te sien hoe Londen en die blootstelling aan die kuns daar De Swardt se werk sal beïnvloed, en natuurlik ook hoe sy werk dié van ander kunstenaars sal beïnvloed. **– Saamgestel deur Stephanie Nieuwoudt**